

27 Oktober 2019

FAMILIE TUISBLAD



Lukas 18:9-14

ons storie

Hoe tree iemand op wat hoogmoedig is?

Wat beteken dit om vol van jouself te wees?

Kan julle dalk die teenoorgestelde daarvan beskryf?

Dit is goed as jy trots is op jouself en jou prestasies.
Dit is egter baie sleg as jy dink jy is beter as ander
of dat jy niemand se hulp nodig het nie.

GOD se storie

Jesus vertel hier 'n storie met bekende karakters - karakters waarvan die luisteraars dadelik sal weet watter tipe mense Jesus beskryf. Fariseërs was mense wat die wet geken het en wat sou probeer het om reg te lewe, mense wie se saak reg is met God. Tollenaars was weer beskou as mense wie se saak nie reg was met God nie, mense wat nie noodwendig geleef het soos God sou verwag nie.

Die verskil tussen hulle word baie duidelik in die manier waarop hulle met God praat oor hulleself.

Die storie verras mense wanneer hulle besef Jesus kyk anders na mense. Dat nederigheid (in hierdie geval) belangriker is as goeie dade of bedoelings.

ons nuwe storie

Kyk weer na die twee gebede wat Jesus hier beskryf.

Wat sou julle sê is die verskil tussen die twee mense wat hier bid?

Een persoon kom met vol hande na God toe. Hy probeer vir God herinner aan dit wat hy alles gedoen het en hoe goed hy is.

Die ander kom met leë hande. Hy het niks om te gee nie. Hy bring net homself.

Rituele en gewoontes

In hierdie tyd van die jaar is almal besig met als wat nog moet gebeur voordat die skool- en werksjaar klaarmaak.

Ons kyk ook na ons skool- en werksprestasies en dink oor wat ons alles bereik het.

Dit kan goed wees om elkeen te dink aan alles waarmee die Here julle hierdie jaar geseën het.

Vra tydens die een ete per dag wanneer meeste van julle huis-mense saam eet dat elkeen een ding noem waarvoor hulle dankbaar is.

